



Meer as net geld vir dié wolboere

Die rol van die NWKV om wolproduksie oor die afgelope 20 jaar in die kommunale gebiede te bevorder, kan nie net in geld gemeet word nie. Daar is ook 'n groter prentjie: Een van hoe wolskape boere se eiewaarde ontwikkel het.

Met die ry na Dutywa vir die sesde kongres van die Oos-Kaapse Kommunale Wolkwekersvereniging, mis 'n klip wat betogers kort duskant Butterworth in die rigting van die polisie gooi, rakelings die Kombi waarin ons reis.

Verlig reis ons verder en betrag die omgewing. Ná meer as 20 jaar sonder die juk van apartheid is daar baie veranderinge. Eskom-kraglyne vleg deur die

gehuggies en DStv-skottels glim in die middagson. Die grasdakrondawels het plek gemaak vir huise met teël- en sinkdakke. Die boustyl is voorstedelik en sportnutsvoertuie (meestal swart) staan in baie opritte. Takke van Steers en KFC doen flink sake by die vulstasies en voor die banke se geldoutomate is die toue lank. Die verkeer in Butterworth en Dutywa is net so uitdagend as dié op 'n Vrydagmiddag op die N1 by Kaapstad.

Dieper die platteland in, verby Willowvale, is die veld kort en uitgetrap. Maer

'n See van gesigte. Party van die afgevaardigdes het meer as 600 km gereis om die kongres by te woon.

koeie met kalwers drentel langs die pad op soek na iets om te vreet. Oor die volgende bult is 'n troppie skaflike wolskape – met geen teken van brandsiekte soos vanmelewe nie. Van omheinings is daar egter min sprake. Dit is immers kommunale boerderygrond waar weekampe nie deel van die bewoners se verwysingsraamwerk is nie.

VISIE VAN NWKV

Mnr. Lawrence Maduna (67), voorsitter van die Oos-Kaap Kommunale Wolkwekersvereniging, vertel trots aan *Landbouweekblad* die vereniging het al sowat 27 000 ingeskrewe lede. Na raming is daar sowat 4 miljoen woldraende skape in die kommunale dele van dié streek en die jaarlikse wolproduksie beloop al sowat 6 miljoen kilogram. Dit is 13% van die Suid-Afrikaanse skeersel.

Maar, sê Lawrence, wat eintlik tel, is dat die sowat 30 000 kommunale boere daar nagenoeg 180 000 familieledede onderhou.

Om sy standpunt te staaf haal hy aan uit 'n 2015-verslag van dr. Dave Tapson van die ontwikkelingsinstituut vir landbou-hulpbronne by Rhodes-universiteit. Dit lui dat kinders wat honger gaan slaap, het afgeneem van 41% in 2004 tot 24% in 2015. In dieselfde tydperk het huishoudings met spaarrekeninge van 49% tot 84% toegeneem en het slegs 48% (77% in 2004) nodig gehad om geld vir hul kinders se skoolopleiding te leen.

En dié, sê Lawrence, is alles danksy die

KORTOM

- Danksy die deursigtige werkswyse van die NWKV het kommunale boere die afgelope seisoen byna R300 miljoen se wol gelewer.
- Die uitbreiding van skeerhuise is 'n voorrangsaak, asook die instel van kampstelsels en die oprig van heinings.
- Die lewensgehalte van alle boere betrokke by die stelsel is bevoordeel en talle van hulle staan nie terug vir kommersiële boere nie.



LIGGING

Dutywa, Oos-Kaap

WOLSYFERS VIR DIE OOS-KAAP

INFORMELE MARK

- Daar is 1 195 aktiewe skeerskure.
- Van 30 tot 40 huishoudings (elk met 10 tot 12 lede) is afhanklik van inkomste by 'n skeerskuur met 'n gemiddelde jaarlikse inkomste van sowat R8 200 per gesin.
- Belangrikste inkomstebronne vir huishoudings: Wol en staatstoelaes.
- Gemiddelde wolinkomste per skeerskuur: R250 947 per jaar.



Die markiestent op Falakhala, sowat 40 km van Dutywa, wat spesiaal opgerig is vir die kongres wat deur sowat 1 000 afgevaardigdes bygewoon is.



Afgevaardigdes in kleurryke tradisionele drag op die kongres.

REGS: Die NWKV het 'n hoëprofielafvaardiging na die kommunale kongres op Dutywa gestuur. Onder die voorsitters wat dit bygewoon het, is, van links, mnr. HB van der Walt (Oos-Kaap), Machiel Odendaal (Mpumalanga), Guillau du Toit (nasionale voorsitter), Herman Hugo (Noord-Kaap), dr. George de Kock, voorsitter van Cape Wools, en Othard Klingenberg (KwaZulu-Natal.)



LINKS: Mnr. Lawrence Maduna, voorsitter van die Oos-Kaapse Kommunale Wolkwekersvereniging.



Mnr. Guillau du Toit (links), voorsitter van die NWKV, en Leon de Beer, die hoofbestuurder, tydens die kongres.

NWKV-leiers wat ná die demokratisering van Suid-Afrika die visie gehad het om wolboere in die voormalige Transkei en Ciskei met raad en daad by te staan.

VIND OPLOSSINGS VIR PROBLEME

Sowat 1 000 boere van die vyf streke het die kongres op Dutywa bygewoon. Oor wat hulle huis toe gaan neem, sê Lawrence dit is opnuut die wete dat daar waarde in wolskape steek. "Hulle het gehoor die SAPD vorder goed om veediewe aan te keer, maar ook hoe mense wat diewe moet aankeer, dikwels deel van die veediefstal-sindikate is.

"Ons boere is met hoop vervul dat hulle nie alleen in hul stryd teen wol- en veediewe, roofdiere, rondloperhonde en dieresiektes staan nie. Die NWKV en Cape Wools staan bankvas agter ons en is ook bereid om oplossings te vind vir die probleme waarmee ons boere steeds hier worstel."

'n Klip in Lawrence se skoene is dat ►

WOLSKAPE BRING MENSWAARDIGHEID

Mnr. Leon de Beer, hoofbestuurder van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), meen daar is nog groot potensiaal om wol- en vleisproduksie in die kommunale gebiede te verhoog. "As die NWKV meer boere in sy netwerk kan kry aan wie die nodige opleiding verskaf word, kan boere se inkomste uit wolskape maklik verdubbel.

"Die inkomste uit wol en vleis het ook 'n groot vermenigvuldiger-effek, aangesien die geld plaaslik bestee word. Die winkelleienaars en enige ander entrepreneur, of hulle nou selfone of lugtyd verkoop, vind dus regstreeks daarby baat."

lets wat egter swaar op Leon se gemoed lê, is dat korrupsie reeds so in Suid-Afrika handuit geruk het dat dit ook die NWKV se aktiwiteite aan bande lê. "As jy 'n skieperhuis wil oprig, is daar allerlei ondersoek. Dit is asof niemand mekaar meer vertrou nie, al het ons 'n onberispelike rekord van 20 jaar se suiwer administrasie."

Leon kla ook oor 'n gebrek aan kontinuiteit met die amptenary. "Ná baie moeite

kry jy dit reg om 'n datum vir 'n belangrike vergadering te belê. Daag jy op, sit daar 'n ander man in die voorsitterstoel. Dan moet jy weer alles van meet af aan verduidelik."

Hy betreur ook die Oos-Kaapse regering se onbetrokkenheid by die projekte wat deur die NWKV aangevoer word. "Ons het tot in 2010 toekennings van Bhisho gekry, maar dit is sonder verduideliking deur me. Zoleka Capa, die vorige LUR vir landelike ontwikkeling en landbouhervorming, gestaak. Gelukkig ontvang ons 'n jaarlikse toekening van sowat R10 miljoen van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming vir projekte wat op die genetiese verbetering van die wolskaapkudde gerig is. Die langtermynvennootskappe met die Regering is onontbeerlik vir suksesvolle ontwikkelingswerk."

Een saak waarop Leon trots is, is die wyse waarop die NWKV daarin geslaag het om mense te bemagtig en hul menswaardigheid te bevorder. "Baie is reeds besig om hul eie toekoms uit te beitel en hoef nie 'n tree vir kommersiële boere terug te staan nie."



'n Goeie voorbeeld van die wolskape wat in die kommunale dele van die Oos-Kaap aange-tref word. Daar is na raming sowat 4 miljoen woldraende skape in die kommunale dele en die jaarlikse wolproduksie beloop bykans 8 miljoen kilogram. Dit verteenwoordig 13% van die Suid-Afrikaanse skaersel.

VERGELYKING TUSSEN KOMMUNALE EN KOMMERSIËLE WOLBOERE IN DIE 2016-'17-SEISOEN (LESOTHO UITGESLUIT)

Item	Kommunale wolboere	Kommersiële wolboere
Produksie	5,81 miljoen kilogram	36,4 miljoen kilogram (Lesotho uitgesluit)
Skeerselwaarde	R299,8 miljoen	R2,87 miljard
Gemiddelde veseldeursnee	21,5 mikron	20,9 mikron
Gemiddelde skoonopbrengs	45%	60,2%
Gemiddelde lengte	58 millimeter	59,3 millimeter
Plantaardige materiaal in wol (VM)	2,49%	1,5%
Gemiddelde prys (vetwol)	R51,59 per kilogram	R79,06 per kilogram

BRON: WEBROUTE.

◀ party boere steeds die bietjie wol wat hulle skeer, aan smouse verkoop – ondanks al die voorligting en skeerhuise wat reeds opgerig is. “Hulle is meestal nie lede van die NWKV en skeerhuise nie. Dit is ouens wat nie wil hê daar moet aan hulle voorgeskryf word nie. Hulle is ongeduldig. Hulle besef nie hulle sal baie meer geld in hul sakke steek as hulle hul wol saam met hul medeboere s’n laat klas en bemark nie, al kos dit ’n bietjie langer om hul woltjeks te kry.”

‘ONS VERWAG NIE AALMOESE’

Lawrence stem saam dat die sowat 45 000 meerderwaardige ramme wat sedert 2002 aan boere in die Oos-Kaap beskikbaar gestel is, gehelp het om wolproduksie oor dié tydperk van 223 000 kilogram tot 5,81 miljoen kilogram te laat toeneem.

Dit is wol ter waarde van byna R300 miljoen die afgelope seisoen. Tog meen hy genetiese vordering sal nóg vinniger wees as ooie ook deel van so ’n projek is. “Ons verwag nie aalmoese nie. Ons boere sal bereid wees om vir die ooie te betaal. Ons moet – soos met die ramme – ooie op ’n georganiseerde wyse kry wat op sentrale punte afgelewer word.”

Ofskoon hy meen daar is baie potensiaal om wolproduksie in die voormalige tuislande verder te verhoog, bly die groot struikelblok die afwesigheid van kampstelsels en goeie omheining. “Nog ’n probleem wat oral hier kop uitsteek, is die talle mense wat wederregtelik hier kom plak en huise oprig waar vee

PAD NA FORMELE MARK

Dr. Dave Tapson van die ontwikkelings-instituut vir landbou-hulpbronne by die Rhodes-universiteit, het in ’n onlangse verslag bevind dat 86% van die huishoudings in die Oos-Kaap in 2015 televisiestelle gehad, 70% radio’s, 98% selfone en 65% yskaste.

Op ’n vraag waarom die respondente as lede by die NWKV aangesluit het, het 44% aangedui dat dit hulle toegang tot die formele mark bied; 16% het gesê dit was om die gehalte van hul skeersel te verbeter, terwyl 40% gemeen het dat lidmaatskap van die vereniging hulle beter bedinging bied.

Volgens Dave is vee- en woldiefstal, probleemdiere en die gebrek aan eie grond van die belangrikste knelpunte.

moet loop. Mense doen net wat hulle wil.”

Die feit dat mnr. Mlibo Qoboshiyane, die LUR vir landelike ontwikkeling en grond-sake, wat die kongres toegesprek het, talle politieke uitsprake gemaak het, pla Lawrence min. “Mlibo is ’n goeie man en het gesorg dat boere in die rampdroogte voer kry. Hy het goeie programme om kommunale boere tot die hoofstroom van die landbou te neem. Hy het egter nie geskikte amptenare om sy beleid in werking te stel nie en daarom vorder dinge so stadig.” **LBW**

HUNKERING NA KENNIS

Elke keer as hy ’n besoek aan die voormalige tuislande bring, staan hy verstom oor die primitiewe toestande waarin kommunale wolboere daarin slaag om ’n waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse skeersel te lewer, sê mnr. Guillau du Toit (56), die nasionale voorsitter van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV).

“Die feit dat meer as 1 000 mense die kongres op Dutywa op hul eie koste bygewoon het, is ’n bewys hoe mense smag na kennis. In teenstelling met kommersiële boere wat dikwels lang debatte oor beuselagtighede sal voer, is die gevoel hier een van dankbaarheid teenoor ’n organisasie wat ’n verskil aan hul lewe gemaak het.”

Guillau, wat vanjaar vir die derde keer ’n persoonlike skenking van 200 Bybels aan die gemeenskap gemaak het, sê hy vind dit baie bevredigend om ’n geloofspad saam met dié boere te stap.

Wat wolskaapboerdery betref, is die oprigting van meer skeerhuise ’n voor-rangsaak. “Dit kan net gedoen word as die Regering ook sy kant bring. En dit geld nie net die oprig van die geboue nie, maar ook die verskaffing van voorligtingsdienste.”

Guillau sê die NWKV wend in hierdie stadium reeds meer as 60% van sy begroting vir kommunale boere aan. Dit is geld wat van eksterne bronne, soos Cape Wools, die Regering en banke afkomstig is. “Die geld word goed aangewend en daar word oor elke sent verslag gedoen. Die NWKV lewer die dienste teen ’n nominale kommissie of hanteringstarief wat nie meer as 8% beloop nie. Hierdie inkomste word weer in die gemeenskap teruggeploeg.”

Dr. George de Kock, voorsitter van Cape Wools, sê wat hom die meeste beïndruk het, is die goeie opkoms en entoesiasme. “Ondanks armoede is die mense blymoedig en hul dreunsang aansteeklik. Ek het ook nie ’n probleem met die politieke uitsprake nie.

“Ek sien dit as ’n wen-wen-situasie. Ons het die Regering nodig om te help met die oprig van skeerhuise en hy het ons nodig om – soos vandag – duisend mense byeen te bring waar hy sy boodskap kan ‘verkoop’,” sê George.

Guillau sê wanneer dit nie skeertyd is nie, kan die sowat 250 skeerhuise wat deur bemiddeling van die NWKV opgeknap of nuut opgerig is, na die gemeenskappe se goedgeskappe aangewend word. Aangesien hy die bydrae van kommunale wolboere so hoog ag, het hy die voorsitters van al die NWKV se gebiedstakke na die kongres op Dutywa genooi.



’n Tipiese toneel in die kommunale gebiede. Die groot aantal nuwe huise wat hier opgerig word, ontnem veeboere van weiveld, sê mnr. Lawrence Maduna, voorsitter van die Oos-Kaapse Kommunale Wolkwekersvereniging.